# Geopende Deure GEBEDSKALENDER

November–Desember 2023



# NOVEMBER

### 1 Saoedi-Arabië
Die begrip van ŉ dienende leierskap is vreemd in die Saoediese kultuur en word dikwels as ŉ swakheid gesien. Bid vir kerkleiers om Bybelse leierskap na te streef en vir ŉ verandering in hul houding wanneer hulle die krag van diensbare leierskap ervaar.

### 2 Nigerië
Gewelddadige vervolging is veral vernietigend vir jongmense en plaas hul toekoms in die gedrang. Bid dat die jeug in Nigerië wat deur vervolging geraak word standvastig in hul geloof sal bly en gemeenskappe sal vind wat hul pad met Christus kan aanmoedig.

### 3 Colombië
Prys God dat kinders wat gewelddadige vervolging in die gesig staar by Geopende Deure se Kindersentrum in Colombië in geloof versorg en gekoester word. Bid dat hulle sal aanhou groei in hul geloof en ŉ lig vir hul generasie sal wees.

### 4 Burkina Faso
Sowat 5,2 miljoen Christene woon in Burkina Faso, wat 23% van die land se bevolking uitmaak. Hulle het bygedra om die land te stabiliseer en tot onafhanklikheid te lei. Dank die Here vir die Kerk se teenwoordigheid in Burkina Faso en vir die groot bydrae wat hulle gemaak het.

### 5 Mali
Naomi* is ŉ Christen in Mali wat nie deur die geweld verhard is nie. "Ek moet selfs aan my grootste vyande liefde betoon," sê sy. Prys die Here vir haar Goddelike naasteliefde.

### 6 Kameroen
Boko Haram val aanhoudend burgerlikes in die verre noordelike streek aan. Bid vir meer aktiewe optrede deur die owerhede om die gevolglike veiligheidsuitdagings aan te spreek.

### 7 Soedan
In Soedan word Christen-vroue wat vanaf Islam tot bekering kom dikwels in huwelike gedwing en aan huishoudelike geweld blootgestel. Hef Christene vanuit ŉ Moslem-agtergrond op in gebed en bid dat hulle hul waarde as God se kinders sal besef.

### 8 Broenei
Jongmense het veilige plekke nodig om bymekaar te kom en dinge met hul mentors te deel. Bid dat God vir hulle deure sal open vir ŉ plek waar hulle kan bymekaarkom om hul geloof te ontwikkel en God se Woord vrylik te ontdek.

### 9 Eritrea
Gelowiges word fyn dopgehou, gevange geneem en gebrandmerk. Bid dat die houding teenoor hulle sal verander. Bid dat moedige Christene vrylik kan getuig oor hul volharding, selfs wanneer dit moeilik is.

### 10 Sentraal-Asië
Prys God dat hulp verleen word aan Christen-bekeerlinge vanuit Islam en Moslem-vlugtelinge wat nou die Evangelie kan aanhoor. Talle het hul lewens aan Jesus gegee en wil gedoop word. Dank God vir hoop in uiters moeilike tye.

### 11 Viëtnam
Bid voortdurend vir gelowiges wat vir vals aanklagte opgesluit en gemartel word. Bid dat God hulle sal versterk om hul gevangenskap te verduur en dat Hy hul gesinne by die huis sal bystaan.

## 12 China
Hef Geopende Deure-vennote wat aanhou werk in China se vasteland op in gebed. Dank God vir hul diens en bid dat hul werk sal help om die Koninkryk van God in dié streek uit te brei.

## 13 Maleisië
Bid voortdurend vir jongmense in Maleisië wat kwesbaar is vir seksuele misbruik. Bid dat die regering stappe sal neem om jongmense teen dié gevaar te beskerm.

## 14 Laos
Bid dat God Christene in Laos geleenthede sal gee om bymekaar te kom om Hom te aanbid en samesyn te hê, te midde van voortdurende uitdagings om toestemming vir groot kerkbyeenkomste te verkry.

## 15 Egipte
Egipte is oorwegend Moslem, maar daar is talle Christen-bekeerlinge al kan die lewe vir nuwe gelowiges baie uitdagend wees. Bid dat dié nuwe volgelinge van Jesus Christus sout en lig in hul gemeenskappe sal wees.

## 16 Irak
Talle lede van die Irakse Kerk het die land verlaat op soek na ŉ beter lewe elders. Bid vir diegene wat in Irak aanbly om die Kerk deur volgehoue Christelike samesyn te ondersteun en vir die Kerk om mettertyd te groei.

## 17 Sirië
Bid vir gesinne in Sirië wat hul huise in Februarie tydens die aardbewing verloor het. Deur jou ondersteuning vind talle gesinne steeds baat by huurondersteuning. Bid dat dit sal aanhou solank as wat hulle dié bystand benodig.

## 18 Israel en Palestina
Verlede maand het Hamas die suide van Israel aangeval. Bid dat God kragdadig in die voortslepende stryd tussen Israel en Palestina sal ingryp en blywende vrede sal bewerkstellig. Bid ook dat die Kerk te midde van donker tye die lig sal wees – om aan ander die liefde van Christus te betoon.



Bid dat gelowiges in Egipte sout en lig in hulle gemeenskappe sal wees.

### 19 Sentraal-Asië
Dank God vir Geopende Deure se kinderwerkers wat vervolgde kinders in Sentraal-Asië ondersteun. Hulle luister dikwels na die kinders se uitdagende stories. Vra die Here om vir hulle wysheid, krag en liefde te gee om hul werk voort te sit.

### 20 Jemen
Daar is ŉ florerende Bybelverspreidingsprogram in Jemen. Bid dat dit sal voortgaan om vrugte te dra en dat meer mense toegang tot die lewensveranderende krag van God se Woord sal hê.

### 21 Broenei
ŉ Kommerwekkende neiging toon dat egskeidingsake die afgelope jaar skerp toegeneem het in Broenei. Bid vir hierdie nasie se huwelike en dat mense na Christus gelei sal word deur die getuienis van Jesus se liefde wat in Christelike huwelike weerspieël word.

### 22 Maledive
Daar is nie kerke in die Maledive nie. Dus vergader Christene, van wie talle uitgewekenes is, in hul huise om God te aanbid. Bid vir eenheid onder die huiskerke vir uitgewekenes.

### 23 Indonesië
Prys God vir die passie van Christene vanuit ŉ Moslem-agtergrond in Indonesië! Hulle deel die Evangelie moedig met hul geliefdes en bure. Al meer mense word hierdeur gered.

### 24 Bangladesj
Dank God vir die verskillende programme wat jaarliks deur Geopende Deure-vennote in Bangladesj aangebied word. Bid dat God jong gelowiges deur dié programme sal verander en versterk.

### 25 Viëtnam
In afgeleë dorpies, wat veral vyandiggesind is teenoor die Christendom, word gelowiges se toegang tot water afgesny as hulle nie hul geloof prysgee nie. Bid vir deursettingsvermoë vir dié gelowiges.

### 26 Laos
In Laos word gelowiges wat die plaaslike owerhede se verbod op Christelike byeenkomste en evangelisering verontagsaam, uit hul dorpe verban. Bid dat God die owerhede se harte sal versag en hulle meer verdraagsaam teenoor Christene sal maak.

### 27 China
Christene kan aan streng monitering en toesig onderwerp word. Bid dat God alle vervolgingswaan sal ophef en dat ons broers en susters ondanks dié uitdagings diep verbonde aan Jesus sal bly.

### 28 Nepal
Bid vir vervolgde gelowiges in Nepal, wat grootskaalse armoede ervaar. Bid vir finansiële voorsiening en dat God in hul behoeftes sal voorsien.

### 29 Mianmar
Mianmar is ŉ land wat steeds konflik ervaar. Bid dat God Christen-kinders in konfliksones sal beskerm en hulle sal help om van hul trauma te genees.

### 30 Noord-Korea
Min mense wil die rol van leierskap in geheime kerke aanvaar, wat meebring dat die kerkleiers hulle oor dié kerke se toekoms bekommer. Bid dat God moedige leiers sal vestig.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# DESEMBER

### 1 Vervolgde Christene
Terwyl ons die feesseisoen binnegaan, dink aan ons vervolgde familie wat gedurende dié tyd verhoogde vervolging ervaar. Bid dat God hulle sal beskerm.

### 2 Vervolgde kinders
Bid vir ons huidige veldtog vir kinders in die vervolgde Kerk. Bid dat ons die teiken van R570 000 teen Kersfees sal bereik om die kwesbaarste gelowiges, die kindertjies, in die wêreld te ondersteun.

### 3 Nigerië
Bid vir wysheid vir die Kerk om jongmense in Nigerië te help groei in hul geloof te midde van die bedreiging van geweld teen hulle.

### 4 Egipte
Talle jong Christene in Egipte ly onder vervolging en diskriminasie weens hul geloof. Bid vir hul beskerming en dat hulle standvastig in hul geloof sal bly.

### 5 Irak
Biskop Mar Chimon Daniel beskryf die dringende situasie van die volgende geslag Irakse burgers só: "Ons bestaan word bedreig. Talle jongmense dink slegs daaraan om Irak te verlaat." Bid vir geleenthede en hoop vir die Christen-jeug in Irak.

### 6 Sri Lanka
ŉ Ekstremistiese Hindoe-groep bekend as Hindu Siva Sena ontwrig gereeld Christelike byeenkomste en dwing dit om gestaak te word. Bid dat hulle van dié aksies sal bekeer.



Bid vir wysheid vir die Kerk om jongmense in Nigerië te help groei in hul geloof.

### 7 Sirië
ŉ Paar maande gelede het 72 jong gelowiges bediening-leierskapsopleiding bygewoon. Bid dat dié opleiding hul harte sal verander en dat hulle gementor sal word om leierskaprolle te vertolk.

### 8 Jemen
Bid vir stabiliteit in Jemen, asook voorsiening en toegang tot gedeelde noodleniging vir diegene wat in armoede leef. Bid dat God vrede en versoening na dié streek sal bring.

### 9 Sirië
Ons plaaslike vennote kon 5 038 gesinne in Sirië ondersteun wat in Februarie deur die aardbewing geraak is, danksy die ondersteuning van Christene regoor die wêreld. Prys God vir hul vrygewigheid en die impak daarvan.

### 10 Indonesië
Bid dat God die wetgewers in Indonesië sal lei om ŉ beleid te skep wat mense van alle gelowe toelaat om dieselfde vryhede te geniet.

### 11 Kirgistan
Gelowiges in landelike gebiede van Kirgistan word weens hul geloof uit hul gemeenskappe verdryf. Bid dat hulle standvastig sal bly in hul geloof en God se liefde sal betoon aan diegene wat hulle haat.

### 12 Mianmar
Hou aan om te bid vir Mianmar en almal wat deur die voortslepende konflik geraak word. Bid vir ŉ einde aan die konflik en dat God by dié sal wees wat alles weens die oproer verloor het.

### 13 Viëtnam
Deur Christene te word, verloor bekeerlinge in afgesonderde gebiede hul huise en oeste. Bid dat hulle aan Jesus sal vashou ten spyte van druk vanuit hul gemeenskappe.

### 14 Saoedi-Arabië
Bekeerlinge staar vervolging van hul gesinne en gemeenskappe in die gesig. Bid dat God die gevestigde kultuur van ontering sal verbreek sodat Christene nie meer in die openbaar vir hul geloof verneder sal word nie.

### 15 Iran
Talle van die Persiessprekende kerke in Iran is gedwing om te sluit. Bid dat die staat die beperkings sal ophef en meer mense sal toelaat om in hul moedertaal van Jesus te hoor.

### 16 Versoeningsdag
Terwyl Suid-Afrika dié dag herdenk, onthou ons diegene in ons vervolgde familie wat weens hul geloof deur hul gesinne verwerp is. Bid dat hul gesinne Christus sal leer ken en dat hulle sal versoen.

### 17 Irak
Die finansiële situasie in Irak is baie onstabiel en inflasie is besig om die hoogte in te skiet. Bid vir voorsiening vir Irakse gesinne gedurende dié uitdagende tydperk.

### 18 Sri Lanka
ŉ Prediker van ŉ dorpie in die Gampaha-distrik het gehuil terwyl hy ŉ plaaslike Geopende Deure-vennoot van sy swaarkry vertel het. Bid vir gelowiges wat vervolging in hul daaglikse lewens binne hul gemeenskappe ervaar.

### 19 Broenei
Daar is ŉ groeiende begeerte onder die Christen-jeug in Broenei om ŉ dieper verhouding met die Here te hê. Bid dat God mentors en leiers sal vestig wat dié geslag kan koester.

## 20 Mianmar

Mianmar is ŉ Boeddhistiese land en ongelukkig word Christene deur sommige Boeddhistiese ekstremiste vervolg. Bid dat alle gelowe mekaar se verskille sal respekteer en mekaar sal dien.

## 21 China

Die staat word bedreig deur enigiets wat die "stabiliteit" kan ontwrig. Vir die regering beteken dit politieke en kulturele eenvormigheid. Bid dat die regering Christene sal ervaar as ŉ positiewe invloed in die land en nie as ontwrigtend nie.

## 22 Sentraal-Asië

In Sentraal-Asië word ondergrondse kerkbyeenkomste dikwels deur die owerhede ontwrig en deelnemers word beboet. Bid dat Christene in staat sal wees om vry en veilig te ontmoet.

## 23 Saoedi-Arabië

Gelowiges in Saoedi-Arabië se maniere waarop hulle bymekaar kan kom en kan aanbid, word beperk. Bid dat wanneer hulle wel bymekaar kan kom, hul tyd saam ryk aan samesyn, aanbidding en God se teenwoordigheid sal wees.

## 24 Egipte

Bid dat God Homself aan radikale Moslems en ekstremistiese groepe sal openbaar. Mag God hulle kettings breek en hul oë oopmaak vir die weg, die waarheid en die lewe.

## 25 Kersdag

Terwyl Christene wêreldwyd Jesus se geboorte herdenk, dink aan ons vervolgde familie wat weens die gevaar nie kan meedoen nie. Bid dat hulle in hul huise Jesus se opoffering vir ons kan eer.

## 26 Welwillendheidsdag

Kom ons onthou ons geteisterde familie wanneer ons vandag by geliefdes kuier. Bid dat God hul vervolgers se harte sal verander om ondanks verskillende gelowe aan hulle welwillendheid te bewys.

## 27 Maleisië

Bid dat Maleisiese Christene die sout en lig in hul gemeenskappe en tussen hul familie en vriende sal wees. Bid vir geleenthede om die Evangelie met mense te deel wat nog nie die Goeie Nuus gehoor het nie.

## 28 Irak

Prys die Here vir Sermad se stofferingsonderneming wat hy met ŉ lening van ŉ Sentrum van Hoop kon begin. Dank God dat hy nou vir sy vrou en twee jong kinders kan sorg.

## 29 Broenei

Daar is min Christelike kerke in Broenei. Ongelukkig sukkel die Christelike gemeenskap met onenigheid tussen die verskillende denominasies. Bid vir wysheid vir kerkleiers wat eenheid moet bewerkstellig.

## 30 Indonesië

Bid dat die lewens van Christene in Indonesië ŉ getuienis vir ander sal wees. Bid vir God se beskerming oor hulle en veerkragtigheid in tye van swaarkry.

## 31 Viëtnam

Bid dat God Christene in Viëtnam sal beskerm en hul getuienis as ŉ kragtige bewys van hul geloof onder hul bure sal gebruik.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes. Alle inligting was korrek ten tyde van publikasie.



# Al wat hulle vir Kersfees wil hê, is die **geskenk van veilige kinderjare**

Kinders regoor die wêreld word van hul basiese regte ontneem **omdat hulle Christene is.**

Jou Kersgeskenk kan aan ŉ vervolgde kind dringende hulp en ŉ veiliger toekoms gee:

Elke **R180** kan help om traumaberading aan ŉ **vervolgde Christen-kind** te gee, wat hoop en genesing bied.

Elke **R380** kan **een gesin** wat deur gewelddadige vervolging geraak word, ondersteun met broodnodige noodvoedsel en -hulp.

Elke **R1 320** kan ŉ maand se opvoeding aan **tien kinders** gee wat deur vervolging geraak word, wat hulle sal help om ŉ beter toekoms te hê.

Besoek **www.opendoors.org.za** vir meer inligting.

Geopende *Deure*